

DIE BOERDERY AS 'N BESIGHEID

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE VIER ONDERNEMINGSVORME

Die vier produksiefaktore wat in die vorige artikel bespreek is, moet in een van vier besigheidsvorme saamgesnoer word om sekere doelwitte te kan bereik. Hierdie besigheidsvorme is 'n eenmansaak, vennootskap, beslote korporasie/maatskappy en 'n trust. Elkeen van hierdie besigheidsvorme het spesifieke eienskappe en daarom is nie een enkele besigheidsvorm die antwoord op alle boerderye se unieke omstandighede nie. Die boer moet gevolglik daardie besigheidsvorm kies wat die beste by sy eie omstandighede pas. Die keuse van 'n besigheidsvorm moet ook wel deurdag wees want dit kos geld en veroorsaak heelwat administratiewe ongerief om van besigheidsvorm te verander. Die volgende faktore speel 'n rol by die keuse van 'n besigheidsvorm:

- Die aard van die produk of diens wat aangebied word;
- Die graad van aanspreeklikheid waarvoor die eienaars verantwoordelikheid wil aanvaar;
- Die kontinuïteit wat daar moet wees indien die besigheid verkoop of vererf gaan word;
- Die mate waarin die eienaars aan die bestuursproses moet deelneem;
- Die hoeveelheid kapitaal wat benodig word om die besigheid op te rig;
- Die mate waarin die eienaars in die wins moet deel;
- Toegewings ten opsigte van belastings;
- Statutêre verpligtinge waaraan die besigheid moet voldoen.

Eenmansaak

Die eenmansaak bestaan waar die boer alleen in die besigheid is. Dit bied absolute onafhanklikheid ten opsigte van besluitneming en kan veral geskik wees waar die wins nie so hoog is nie. In sulke gevalle is daar ook heelwat belastingvoordele hoewel die marginale inkomstebelastingskaal van 40% tog nadelig kan wees as die belasbare inkomste meer as R300,000 per jaar beloop.

Vennootskap

'n Vennootskap tussen twee of meer persone is die eenvoudigste manier om kapitaal, risiko, wins en bestuursverantwoordelikhede te deel. Dit is maklik en vinnig om op te rig en word gewoonlik baie tussen pa en seun gebruik. Die belastingvoordele is soortgelyk aan dié van eenmansake omdat die vennote in hulle persoonlike hoedanigheid en nie die vennootskap nie, inkomstebelasting betaal. Hoewel 'n vennootskap gewoonlik met 'n vennootskapsooreenkoms tot stand kom, kan dit in die oë van die wet ook daarsonder bestaan.

Beslote korporasie/Maatskappy

'n Beslote korporasie of 'n maatskappy is 'n regsentiteit op sy eie. Die vernaamste verskil tussen die twee is dat 'n beslote korporasie slegs natuurlike persone (tot 'n maksimum van tien) as eienaars (lede) mag hê terwyl 'n maatskappy ook nie natuurlike persone (dus ook ander maatskappye of trusts) as eienaars kan hê. Die lede en aandeelhouers staan los van die besigheid en is beperk aanspreeklik ten opsigte van laste sowel as bates, van die beslote korporasie of maatskappy tensy hulle deur middel van borgstelling daartoe verbind word. Die belastingvoordele van beslote korporasies of maatskappye, veral dié wat as klein- en medium sake-ondernemings kwalifiseer, is tans die voordeligste van die vier besigheidsvorme.

Trust

Baie handboeke maak geen melding van trusts as besigheidsvorm nie en tog word verskeie boerderye ten volle of gedeeltelik in trusts bedryf. 'n Trust gaan in wese oor die beheer van bates namens begunstigdes en is veral gewild in die geval van minderjarige erfgename. Hoewel dit verskeie voordele by erfopvolging inhou, is dit uit 'n inkomstebelastingoogpunt die mees benadeelde besigheidsvorm.

Vergelyking

Die tabel som die vernaamste karaktertrekke van die verskillende besigheidsvorme op.

	Eenmansaak	Vennootskap	Beslote korporasie/ Maatskappy	Trust
Aard van entiteit	Enkel individu	Samekoms van 2 – 20 persone	Regspersoon los van sy eienaars	Regspersoon los van begunstigdes en trusteees
Oprigtingskoste	Minimaal	Minimaal	R150 to R2500	R2000 to R3000
Lewensduur	Eindig by dood	Eindig by bedanking of afsterwe van 'n vennoot	Onbeperk	Eindig op 'n gespesifiseerde datum of na 'n sekere termyn
Aanspreeklikheid	Persoonlik	Gesamentlik en afsonderlik deur elke vennoot	Slegs beperk tot aandele kapitaal mits daar nie 'n waarborg van lede/aandeelhouers is nie	Geen aanspreeklikheid tensy daar 'n waarborg van trusteees vereis is.
Bronne van kapitaal	Persoonlike investering	Vennote se bydrae	Lede/aandeelhouers se bydrae	Skenking deur oprigter
Besluitneming	Eienaar alleen	Ooreenkoms deur vennote	Aandeelhouers kies direksie wat bestuur aanstel	Trustees
Beperkings op besigheid	Eienaar se diskresie	Vennootskaps-ooreenkoms	Statute en Akte van oprigting	Trustakte
Oordrag van belang	Eenmansaak word beëindig	Vennootskap ontbind. Nuwe een kan opgerig word	Voortbestaan word nie by oordrag van belang beëindig	Geen eienaarskap as sulks. Begunstigdes se belang kan staak of die diskresie hê om trust voort te sit
Effek by dood	Eindig	Ontbind of kan as	Blv voortbestaan.	Dood van trusteees

		nuwe vennootskap deur oorblywende vennote voortgesit word	Belang vorm deel van boedel en kan vererf of verkoop word	of begunstigdes het normaalweg geen invloed maar daar kan uitsonderings wees
Inkomste-belastingkoers	18 % vanaf R35000 tot 40% by R300,000	Geen. Wins word volgens persoonlike skale in vennote se hande belas	29%. In geval van klein/medium sake-onderneming 0% tot R35000, 10% tot R250,000 en 29% bo R250,000	40% vir trusts anders as spesiale trusts

Die vier besigheidsvorme voorsien verskillende manier waarvolgens wins, eienaarskap, risiko en bestuur hanteer kan word. Dit kan daartoe lei dat die boer meer as een vorm in 'n kombinasie moet gebruik om aan sy eie doelwitte te voldoen. 'n Grondige kennis van al vier die vorme is dus 'n voorvereiste vir die oprigting en voortsetting van 'n boerdery.

BETHLEHEM
Junie 2005